Dinees vir jagluiperds

Wat het 'n swierige dinee in New York en wildbewaring in Suid-Afrika met mekaar gemeen? **Corlet Grobler** vertel meer.

Heidi en Allen Roberts, stigterslede van die Vriende van die Hoedspruit-sentrum vir bedreigde spesies (HESC) in Amerika, se eerste besoek aan Suid-Afrika was 20 jaar gelede.

Heidi onthou dit soos gister: Maart 1994, net voor die verkiesing, om presies te wees.

Hul eerste wildbesigtigingsrit was betowerend en Heidi was baie opgewonde toe sy vir die eerste keer 'n olifant sien.

In 2004 het die Robertse besluit om die Jabulani-kamp en die HESC op die gewilde Kapama- private wildreservaat in Limpopo te besoek. Die olifante van die Jabulani-kamp was 'n groot trekpleister en met hul besoek aan die HESC was Lente Roode (HESC-stigter en eienaar van die Jabulani-kamp) toevallig besig om 'n praatjie te lewer.

Heidi het meer uitgevra oor die swartpootkatjies waarvan sy gelees het en was baie opgewonde toe Lente haar vra of sy een wil sien.

Dít was die begin van 'n lang vriendskap tussen die twee vroue wat in 2007 gelei het tot Heidi en Allen se besluit om geld in die VSA vir die HESC in te samel deur spoggerige dineepartytjies te hou in hul luukse woonstel in New York.

Vir die diere

Die Robertse is gewoond daaraan om een keer per week vriende en familie uit te nooi vir aandete, maar in September elke jaar word 24 betalende gaste na 'n deftige dinee genooi. Tydens die aandete word 'n stille veiling van kunswerke en ander items gehou en alle opbrengste van die veiling en dinee word aan die HESC geskenk. Gaste kry ook die geleentheid om meer te leer oor jagluiperds en ander bedreigde spesies en só word meer mense oor die sentrum se werk ingelig.

Ek ontmoet Heidi, 'n statige, deftig geklede vrou met lang blonde hare en 'n fyn sin vir humor, in Pretoria met haar onlangse besoek.

Heidi vertel met trots dat hulle, as die vriende van die HESC, tot op hede meer as 'n miljoen dollar ingesamel het vir die sentrum.

"Ek maak baie seker die geld word reg aangewend, juis omdat so baie mense vir my geld gee. Ek voel dit is my plig om toe te sien dat die geld reg bestee word en om terugvoering in New York te gee aan almal wat donasies gee."

Heidi dink nie daar word genoeg vir bewaring in Suid-Afrika gedoen nie. Van haar vriende wonder hoekom sy geld vir diere insamel as daar soveel behoeftige mense is.

Hierop is haar antwoord treffend: "Wat dink julle, ons vat die geld, gooi dit oor die heining en laat die jagluiperds agter dit aanhardloop?"

Sy glimlag en vertel hoe sy aan hulle moet verduidelik dat die HESC mense in diens neem om na die diere om te sien.

Dié werknemers moet betaal word om hulself en hul gesinne te kan onderhou.

Heidi lig haar regterarm op en sit dit op die gemaklike rusbank se armlening neer, dan vertel sy verder: "As die sentrum dus bankrot raak, beteken dit werkverlies – om nie eens te praat wat van die jagluiperds en ander diere gaan word nie."

Heidi haal Lente aan wat gesê het: "Ons sorg vir die diere en die diere sorg vir mense."

Heidi sê sy besef daar is baie probleme en baie arm mense.

"Maar jy weet, ons is hier as toeriste en ons wil die diere in hul natuurlike omgewing sien."

Sy sal nooit die eerste keer dat sy aan 'n jagluiperd gevat het, vergeet nie, sê Heidi. Sy voel vandag nog die vibrasie en die effense grofheid van die hare onder haar vingers, hoewel sy interaksie met dié diere nie aanmoedig nie.

Sedertdien is jagluiperds haar gunsteling-dier, selfs meer as honde en katte.

Buiten die dinees en jagluiperds, sê Heidi, het sy nie veel ander stokperdjies nie, maar sy lees wel graag as sy die tyd kry.

Die egpaar se besoek aan Suid-Afrika vanjaar is besonders in dié opsig dat hulle 'n "leur" saamgebring het. Die leur is 'n toestel wat aangedryf word deur 'n kabel wat 'n lokmiddel vinnig oor die grond sleep.

Die lokmiddel stimuleer die jagluiperd se instink om iets wat beweeg agterna te sit.

Dié soort leur word in Amerika gebruik vir windhondresies.

Volgens Heidi weeg die leur ongeveer 29 kg.

Dit gaan saam met die huidige leur by die sentrum ingespan word om die jagluiperds in topkondisie te hou deur hulle daarmee te laat oefen.

Heidi en Allen is nog lank nie klaar met hul donasies en geskenke aan die HESC nie.

Hulle is baie trots op hul betrokkenheid by die sentrum en sien uit na nog vele besoeke aan Suid-Afrika en hul geliefde HESC.

Heidi en Allen Roberts van New York, stigterslede van die Vriende van die Hoedspruit-sentrum vir bedreigde spesies, praat oor hul jaarlikse geldinsamelingsprojek vir dié sentrum. Foto: LISA HNATOWICZ



Allen Roberts is so gaande oor jagluiperds, hy dra selfs 'n gordel met die gesig van 'n jagluiperd in goud daarop.

> Wat dink julle, ons vat die geld, gooi dit oor die heining en laat die jagluiperds agter dit aanhardloop?

Allen en Heidi Roberts maak van nader met 'n luiperd kennis by die Hoedspruit-sentrum vir bedreigde spesies.

TV

Hou dop: In vanaand se episode van *7de Laan* kry Herman en Nadia lelik stry oor Bertus. Gita **(vertolk deur Jo da Silva)** is weer besig met haar slinkshede en begin planne beraam om Herman voor te spring met die borgskap vir die skool se rugbyspan. Kykers kan hulself net indink waarop dit gaan uitloop. **(SABC2, 18:27)**

Vrydag 14 Maart

SABC2

06:00 Morning Live
08:00 Parliament: A View from the House
09:00 Tube
10:30 Rivoningo
11:00 Discover Science
11:30 Sports Lifestyle
12:00 Judge Mathis (OL)
13:00 Days of Our Lives (OL13) (H)
14:00 The Bold and the Beautiful (OL) (H)
14:30 7de Laan (H)
15:00 Saath Saath (OL)
15:30 Muvhango (H)
16:00 Hectic Nine-9
17:00 iCarly
17:30 Nuus
18:00 Talk Show
18:27 7de Laan
Sien Hou dop.
19:00 Nuus
19:30 Noot vir noot
20:30 News
21:00 Muvhango
21:30 Powerball
21:35 Di Wele Makgolela
22:00 The Vampire Diaries (16)
23:00 News International

* Alle inligting oor uitsaaitye, programtitels en -inhoud was teen druktyd korrek. Die inligting word van die skakelafdelings en publisiteitspanne verkry en word in goeie trou gepubliseer.
****A** almal; **G** geweld; **H** herhaling; **OL** ouerleiding; **S** seks en **T** gekruide taal; **N** naaktheid.
*****TV-skedulenavrae:**
e.tv: 083 1222; SABC: 011 714 9797; M-Net: 011 289 2222.

SABC3

S06:00 Expresso
08:30 Scooby Doo! Mystery Incorporated
09:00 Cooking Magic (H)
09:30 Extreme Makeover: Home Edition (H)
10:30 Generations (H)
11:00 Isidingo (OL) (H)
11:30 7de Laan (H)
12:00 Airwolf (OL)
13:00 Nuus
13:27 Afrika-nuus
13:55 The Jeff Probst Show (OL)
14:40 Sketch You Later
15:05 Marc Lottering: Loitering in Jozi (13) (H)
15:30 Doctor's Orders (OL)
16:20 3Talk
17:30 Krieket
Suid-Afrika teen Australië.
19:20 Nuus
19:40 Krieket (gaan voort)
21:00 Isidingo (OL)
Bradley se ontsnapping uit die hospitaal het onverwagse gevolge. Priya is ongelukkig met haarself en haar huwelik.
21:30 Sarafina! (OL13)
★ ★ ★
Musiek. Met Leleti Khumalo en Whoopi Goldberg. (1992)
23:25 Sport-opsomming
23:30 Extreme Makeover: Home Edition (H)
00:30 Afrika-nuus (H)
01:00 The Jeff Probst Show (OL) (H)

e.tv

06:00 Sunrise
09:00 Rhythm City (OL13) (H)
09:30 Scandal! (OL13) (H)
10:00 Eksê: Let's Talk with Masechaba Lekalake (OL13)
10:30 The Young and the Restless (OL13) (H)
11:30 e-Shibobo (H)
12:00 Kasi-licious (H)
12:30 Backstage (OL13) (H)
13:00 Nuus
13:30 WWE Smackdown (OL10G) (H)
14:30 The Sandlot 2 (OL13GT) ★ ★ ★ ★
Komedie. Met James Willson. (2005)
16:40 The Young and the Restless (OL13)
17:30 Eye for an Eye (OL10)
18:00 Nuus
18:30 Rhythm City (OL13)
19:00 Nuus
19:30 Scandal! (OL13)
20:00 The Steve Harvey Show (OL13)
20:30 Ring of Fire II: Blood and Steel (16GT)
★ ★
Aksie. Met Don "The Dragon" Wilson en Maria Ford. (1993)
22:30 Sniper 3 (16GT)
★ ★
Aksie. Met Tom Berenger en Byron Mann. (2004)
00:25 Bikini Babes (18NT)

M-Net

Satelliet (DStv)
07:00 The Michael J. Fox Show (OL) (H)
07:30 Chicago Fire II (13) (H)
08:30 The Talk (H)
09:30 Playing for Keeps (OL13T) ★ ★ ★
Romantiese komedie. Met Gerard Butler. (2013)
11:30 The Crazy Ones (OL13) (H)
12:00 MasterChef Australia V (H)
13:00 The Talk
14:00 Blue Bloods IV (13) (H)
15:00 Carte Blanche (OL13) (H)
16:00 MasterChef Australia V (H)
17:00 The Tomorrow People (16) (H)
18:00 Mom (13)
18:30 MasterChef Australia V (H)
19:30 Arrow II (16)
20:30 The Tomorrow People (16)
21:30 True Detective (16SNT)
22:30 The Fixer III (16SGNT) (H)
23:30 NCIS: Los Angeles V (16) (H)
Analoog
07:30 Satelliet-skedule, 08:00 SuperSport, 10:30 Satelliet-skedule, 17:30 Binnelanders, 18:00 Satelliet-skedule.

kykNET

05:30 Dagbreek
07:30 Die Woord
07:40 Koowee-kinderuur
08:30 Binnelanders (H)
09:00 Villa Rosa (H)
09:30 Robinson regstreeks (H)
10:00 Kwêla (H)
11:00 Reis na gister (H)
11:30 Woema (H)
12:00 Inkopie-uur
13:00 Proesstraat (H)
13:30 Marita kook (H)
14:00 Fiësta (H)
14:30 Bravo! (H)
15:00 Jou show (H)
15:30 Onthou (H)
16:30 Projek Aardwolf (H)
17:00 Koowee-kinderuur
17:30 Bring en braai
18:00 Dagbreek-bestes
18:30 Binnelanders
Franz besluit om die naelstring met Binneland en Suid-Afrika finaal te sny en hy neem 'n besluit oor sy aandele.
19:00 Nuus
19:30 Kuier, klets en klits in Namibië
Op Kamanjab leer die span meer oor die kulture, gewoontes en leefwyse van die Ovahimbas.
20:00 Toks 'n tjops
21:00 Noord-Kaap kook en kuier
21:30 Reis na gister (H)
22:00 'n Spesiale aand met… (H)
23:00 Binnelanders (H)

Stoffel

Groeipyne

Zitts

Hägar

Breinknoop

1. In watter jaar het Jimmy Carter president van die VSA geword?
2. Watter land het die meeste medaljes by vanjaar se Winterspele gewen?
3. Watter sterreteken is iemand wat op 22 Junie verjaar?
4. Hoeveel motorfiets-wêreldtitels het Giacomo Agostini gewen?
5. Het Johannes Kerkorrel van Hillbrow, Sandton of Sophiatown gesing?

Antwoorde:
1. 1977; 2. Rusland;
3. Kreef; 4. 15; 5. Hillbrow.

Vandag wat was

Die akteur sir Michael Caine is 81. Die voormalige Bafanaspeler Mark Fish is 40.

34 jaar gelede (1980): Altesame 22 lede van 'n boksspan van die VSA sterf saam met nog 65 passasiers toe hul Poolse Ilyushin-vliegtuig tydens 'n noodlanding naby Warschau neerstort.
32 jaar gelede (1982): 'n Bomontploffing rig groot skade aan by die ANC se kantoor in Londen.
Sewe jaar gelede (2007): Dr. Manto Tshabalala-Msimang (66), omstrede minister van gesondheid, ontvang 'n nuwe lewer in die Donald Gordon-mediese sentrum in Johannesburg.

Crossword 11 799



Across:
5. Drinks delicately (4)
7. From now on (10)
8. Twelve months (4)
10. Alcoholic drink (4)
12. Lyric poem (3)
13. Financial gain (6)
16. Large cooking stove (5)
18. Domestic fuel (3)
20. Wound mark (4)
21. Italy's capital (4)
22. Light blow (3)
24. Ascend (5)
25. Deduction, discount (6)
26. Appropriate (3)
27. German man (4)
29. Cleaning agent (4)
33. Useful for many things (3-7)
34. Remain (4)

Down:
1. Slippery fish (3)
2. Nagging pain (4)
3. Way off (4)
4. Give weapons to (3)
5. A quick throw (3)
6. Place firmly (5)
9. Loud (5)
10. Scold harshly (6)
11. Register, record (3)
13. Freedom from war (5)
14. Cultivate land (4)
15. Weather line (6)
17. Saracen (4)
19. Landing pier (5)
23. Close friend (3)
25. Perch (5)
27. Sixty minutes (4)
28. Ready to eat (4)
30. Salary or wage (3)
31. Influenza (3)
32. Employ (3)

Solution 11 798
Across: 4. Forest; 7. Anaconda; 8. Target; 10. Edict; 13. Bare; 14. Menu; 15. Calm; 16. Wet; 17. Roof; 19. Opal; 21. Plus fours; 23. Post; 24. Lure; 26. Dip; 27. Seer; 29. Epic; 32. Pens; 33. Snarl; 34. Cadets; 35. Unbeaten; 36. Gentle.

Down: 1. Harem; 2. Cabin; 3. Cost; 4. Fatal; 5. Rare; 6. Shekel; 9. Armour; 11. Dew; 12. Curls; 13. Baffles; 15. Cos; 16. Was; 18. Outset; 20. Preen; 21. Pop; 22. Our; 23. Pirate; 25. Sir; 28. Ensue; 30. Pasta; 31. Clone; 32. Peat; 33. Shed.

Blokraai 12 582



Dwars:
1. Deporteer
4. Wat almal eenmaal moes doen om 'n sekere muis te ondersteun!
8. Spits glasbuisie wat deur skeikundiges gebruik word
9. Kwaker, maar geen padda of lid van 'n geloofsgroep nie
10. Radiodrama
13. 'n Prostituut in die Bybel
15. Eetbare sampioen
18. Kort gedeelte in 'n boek wat oor 'n seereis handel?
19. Bittere, opgekropte haat
22. Vry loop
23. Een van Daniël se vriende
24. Van die dwaalweg afsien

Af:
1. Die Melkmeisie se "pa"
2. Edelsteen
3. Hoogste berge van 'n sekere vasteland
5. Skerp minagtend
6. Dis tussen die eetgerei
7. Gangmerk op die grond
11. Groot ongeluk
12. Op die rug dra
14. Lelik gemaak
16. Leesstof
17. Land van wyle Moeammar Ghaddafi
18. Aandoenlikheid
20. Groot seesoogdiere
21. Dis vyf werd vir die span, maar dit klink nie so nie

Oplossing van 12 581
Dwars: 1. Goudaar; 4. Genua; 7. Uitlê; 8. Troon; 9. Soldaat; 10. Sigaar; 12. Indeel; 15. Verwens; 17. Terra; 18. Laaie; 19. Groen; 20. Toedrag. **Af:** 1. Gruis; 2. Uitslag; 3. Roset; 4. Getroon; 5. Nooit; 6. Aandeel; 10. Stuitig; 11. Afstaan; 13. Eienaar; 14. Ferro-; 15. Vreet; 16. Steeg.